DIE APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID-AFRIKA

Together moving in unity to fulfill our God-given missional calling!

Afrikaans

AFM GAME PLAN

AFM - AGS 20th Unity Anniversary

DISSIPELSKAP

Wees ’n volgeling van Christus – maak volgelinge van Christus.

Gelyke beskrywings:

- Volgeling, student, leerder, leerling.
- Wees ’n voorbeeld van ’n ware volgeling van Chris tus.
- Elke lid moet Jesus volg en meer soos Jesus word.
- Skep ’n Christelike karakter onder alle lede.

Omskrywings:

Dissipelskap beteken die lewenslange proses van spontane en opsetlike leer, opleiding, groei en ontwikkeling waartydens die gelowige, deur die werk van die Heilige Gees, al hoe meer en met egtheid, meer en meer van Jesus Christus in sy/haar lewe demonstreer.

“’n Persoonlike volgeling van Jesus Christus tydens sy/haar lewe.”

Kerngeskrifte:

- Matteus 28:19
- 1 Kor. 11:1
- Gal. 4:19
- Handelinge 1:8
- 2 Kor. 3:18
- Gal. 5:22

DISSIPELSKAP

Wees ’n volgeling van Christus – maak volgelinge van Christus.

Dissipelskap is onlosmaaklik verbind aan die Groot Opdrag en dus van kardinale belang as strategiese fokus in ons Strategie vir Een AGS. Laat die woorde van Jesus weereens in ons ore weerklink: “Gaan dan na al die nasies toe en maak van al die mense dissipels...” (Matt. Die Groot Opdrag strek verder as die Evangelie verkondig en bekeerdes maak. Daardie bekeerdes moet dissipels gemaak word. Indien nie, het ons nie behoorlik uitvoering aan Jesus se opdrag gegee nie.

Om ’n ware sending-gerigte kerk te wees, voorveronderstel ware dissipels, net soos kerklede wat ware dissipels is, ’n sending-gerigte kerk impliseer. **Daar kan nie een sonder die ander wees nie.**

’n Mens moet self ’n dissipel wees om dissipels te maak (1 Kor. 11:1). Dit impliseer dat ’n mens Jesus as Heer en Verlosser aanvaar het. Daar is baie wat vir Jesus as die opperste voorbeeld en mees edel uitdrukking van perfekte menslikheid ag (bv. Mohandas Ghanddi), maar u kan slegs ’n dissipel van Jesus word as Hy u Verlosser/Heiland geword het. Dissipelskap begin met verlossing.

Die kern van dissipelskap is om die karakter en gedagtes van Christus te internaliseer, met ander woorde, om spontaan meer en meer van Hom uit te beeld - meer van Sy liefde, Sy lewe en Sy krag (Gal. 4:19).

Dissipelskap impliseer bemagtiging. Dit is ook die rede waarom nuwe bekeerdes uiters dringend in die Heilige Gees gedoop moet word (Handelinge 1:8). ’n Lewe wat deur die Gees beheer word, skep spontaan eienskappe van Christus (2 Kor. 3:18). Dit is deel van die vrugte van die Gees. (Gal. 5:22)

Ons mislukking om ware dissipels van Christus te skep, mag dalk die een tekortkoming van die kerk wees en is die waarskynlike rede waarom ons land soveel onaanvaarbare vlakke van maatskaplike-, seksuele- en persoonlike euwels en -ongeregtighede het – ten spyte van so ’n hoë persenta-

sie Christene. **Daar is baie naamwoordelike Christene, maar minder dissipels van Christus**.

Die kerk en sy geloofsendings kan nie mense red nie – net God kan dit doen. Ons word egter deur God die opdrag gegee om dissipels, persoonlik volgelinge van Christus, te maak en om hulle na volgroeidheid te lei (Efesiërs 4:12). Dit gebeur deur prediking en leer, deur die voorbeeldige lewens van ons leiers, deur mentorskap en afrigting, wat in die konteks van ware en egte verhoudings plaasvind. Om ware dissipels van Jesus te maak is ’n belangrike uitdaging – van ons kleinste gemeentes tot ons megakerke.

Toepassing:

Antwoord hierdie twee vrae om te bepaal tot watter mate DISSIPELSKAP in u gemeente toegepas word:

1. Watter opsetlike prosesse het u in plek om nuwe bekeerdes na volgroeide volgelinge van Christus te ontwikkel? [Lys & beskryf hierdie prosesse.]

2. Is u in staat om stories oor die lewensveranderende uitwerking van dissipelskap in u gemeente te deel? [Meet lewensverandering van lede deur persoonlike stories/getuienisse.]

DIE APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE KANTOOR

Gebou nr.14 | Central Office Park | Jeanlaan 257 | Centurion
Gauteng
Suid Afrika

Posbus 9450
Centurion
0046

Tel: 27 12 644 0490 | Faks: 27 12 644 0732/4 | www.afm-ags.org